

Van Coller, Hendrik Petrus

## Inleidende opmerkings by die drama van Reza de Wet

*Brünner Beiträge zur Germanistik und Nordistik*. 1999, vol. 13, iss. Sonderheft, pp. [335]-337

ISBN 80-210-2055-5

ISSN 1211-4979

Stable URL (handle): <https://hdl.handle.net/11222.digilib/105873>

Access Date: 27. 11. 2024

Version: 20220831

Terms of use: Digital Library of the Faculty of Arts, Masaryk University provides access to digitized documents strictly for personal use, unless otherwise specified.

HENNIE VAN COLLER

## INLEIDENDE OPMERKINGS BY DIE DRAMA VAN REZA DE WET

In Etienne van Heerden se roman *Die stoetmeester* skep hy 'n apokriewe stad, Port Cecil, wat 'n sametrekking is van drie belangrike Oos-Kaapse stede: Port Elizabeth, Oos-Londen en Grahamstad. Veral laasgenoemde kom uit die verf as 'n plek waar irrelevante wetenskapsbeoefening gedy, mense halsstarrig voortgaan met "gracious living" te midde van politieke geweld en 'n sekere wêreldvreemdheid mense afskerm van die werklikheid.

Grahamstad het inderdaad iets van 'n ouwêreldse sjarme en die gees van die Britse Setlaars is voelbaar in die jaarlikse kunstefees, maar ook in die ou Engelse herehuise. Dit is daarom merkwaardig dat van die belangrikste Afrikaanse literatore en skrywers noue bande gehad het met hierdie Engelse setel: o.a. H. A. Mulder, Rob Antonissen, W. E. G. Louw, André P. Brink, Etienne van Heerden en Reza de Wet.

'n Kenmerk van hierdie skrywers is dat hulle almal sonder uitsondering belese (en berese) mense was, wêreldburgers gedrenk in veral die Wes-Europese kultuur. Tog is daar in hul skryfwerk dikwels juis 'n stuk oer-Afrikaansheid merkbaar: W. E. G. Louw se hunkering na die ou landelike lewe, veral die *Rôeveld*; Brink en Van Heerden se kreatiewe voortbou op die plaasroman en die reisjoernaal; die wyse waarop Reza de Wet se dramas 'n tyd-ruimtelike evokasie is van die Vrystaat uit die Dertigerjare van hierdie eeu en haar debuutwerk, *Diepe grond* parodiërend heenwys na Alba Bouwer se idilliese *Stories van Rivierplaas*.

Hoewel Reza de Wet se dramas in die woorde van Louw Odendaal "uit Afrikaner-bodem ontspring"<sup>1</sup> en uit haar werk 'n bykans obsessiewe bemoeienis blyk met aspekte van die Afrikanerverlede, beweer sy in 'n onlangse onderhoud dat sy geen belangstelling het in die Afrikaner nie! Wat haar boei, "is die

---

<sup>1</sup> L. B. Odendaal, *Dramaperspektief*. (Ongepubliseerd manuskrip. Sal verskyn in: H. P. van Coller en Pl. J. Nienaber (reds.), *Perspektief en profiel* (Pretoria: J. H. van Schaik, 1997)), p. 7.

bevryding van die spirit ... (t)he journey of the soul"<sup>2</sup>; die mens wat, vasgevang in beklemmende omstandighede, bly streef na ontvlugting.

Hierdie tema kan bepaald nie aanspraak maak op oorspronklikheid nie en is ook 'n belangrike motief in die werk van skrywers so uiteenlopend soos Hugo Claus, Tennessee Williams (en 'n hele reeks naturaliste). Wat wel oortuig, is die onthutsende wyse waarop Reza de Wet se werk 'n blootlegging is juis van die Afrikaner-psige en die geslaagde wyse waarop die Afrikanerverlede as metafoor dien van hierdie argetipiese patroonmatigheid.<sup>3</sup>

In haar herskepping van die verlede is ontluistering dominant en idilliese elemente van die verlede word veelal vernietig. Die ironie is dat, ten spyte van haar vroeëre ontkenning en ten spyte van die wyse waarop sy wegstuur van enige nostalgie in haar terugblik, Reza de Wet se werk oer-Afrikaans is.

Een van die kenmerke van die (Suid-)Afrikaanse drama van die afgelope dekades is die wyse waarop professionele teatermense werklik opvoerbare dramas geskryf het, sonder om daardeur literêre gehalte in te boet. In Afrikaans kan dadelik gedink word aan Pieter Fourie, Deon Opperman, Charles Fourie en natuurlik Reza de Wet.

Groter vertrouwdheid met die teater het aanleiding gegee tot meer eksperimentering en benutting van 'n groter verskeidenheid style, registers en konvensies as tevore. Terselfdertyd het daar 'n groter bewussyn ontstaan van die verlede van die (Afrikaanse) drama wat dikwels benut word deur dramaturge, veelal op parodiërende wyse soos in Pieter Fourie se volksteater. Ook Reza de Wet sluit dikwels op intertekstuele wyse aan by ouer Afrikaanse dramas in haar stukke<sup>4</sup> en is besonder ingestel op die teatermatigheid van haar stukke.

Ek wil graag langer stilstaan by haar belangrikste werk. In *Diepe grond* (1986) leef Soekie en Frikkie, 'n broer en suster op 'n afgeleë Vrystaatse plaas met slegs 'n bediende, Alida, as geselskap. In hul verworde toestand van bloedskanie, ontkenning van verantwoordelikheid en skuld, behou hul iets van die ongeskondenheid van die jeug – tipies van Hugo Claus se jeugdige karakters in sy drama *Een bruid in de morgen*. Die twee kinders se paradys van afsondering word bedreig deur Grové, 'n prokureur wat bykans as "gewete" optree en wat oplaas vermoor word, soos trouens ook met bykans alle indringers in Claus se novelle *De Metsiers* gebeur. Aspekte van die tipiese Afrikaanse teater en die teater van die absurde word op 'n geslaagde wyse vermeng<sup>5</sup> en 'n mens ontsnap moeilik aan die gevoel dat die stuk op allegoriese wyse heenwys na die Afrikaner se eie apartheidsverlede en die gevare daaraan verbonde.

2 Wilhelm du Plessis, "Diepe Reza (Onderhoud met Reza de Wet)", in: *De Kat* (juli 1997), p. 49–51.

3 Sien ook Mofumahali Theresa Kibe, 'n *Resepsie-estetiese benadering tot die nuwe Afrikaanse drama aan die hand van Reza de Wet se Vrystaat trilogie* (Bleomfontein: Ongepubliseerde magistriskripsie. Universiteit van die Oranje-Vrystaat 1997, p. 40–43).

4 Vgl. L. B. Odendaal, *Dramaperspektief*.

5 Ibid.

Ook *Nag, Generaal* (1988) vertoon allegoriese trekke in die uitbeelding van die sterwe van 'n ou orde en die ontmitologisering van die verlede. Soos die geval is by *Diepe grond* is daar weer 'n Bartho Smit-drama wat intertekstueel betrek word (*Moeder Hanna*).

Die trilogie *Trits* verskyn in 1993 en bestaan uit *Mirakel*, *Mis* en die sterkste stuk, *Drif*. Al drie hierdie stukke speel af in die depressiejare en is gesitueer in die Vrystaat. 'n Ander bindende faktor is die toorkunstenaar wat in al drie stukke voorkom<sup>6</sup> en as Halewynsfiguur psigiese swakplekke uitbuit, verlok en verlei en "dikwels spreek tot 'n karakter se behoefte aan ontsnapping of ontvlugting"<sup>7</sup>. Veral in *Drif* word die verleier 'n Mefistopheles-figuur wat stry om die mens se siel. So word die meerduidige titel dramaties benut: die letterlike drif waardeur mense moet gaan en die drif wat setel in elke mens en wat jou – op gevaar van ondergang – die riviere van die lewe laat aandurf. Reza de Wet ontvang in 1994 die Hertogprys vir drama vir hierdie drie dramas.

In 'n ander toonaard is *Drie susters twee* (1996), 'n huldeblyk aan Anton Tsjekof deur wie Reza de Wet van jongs af aan al geboei is. Dis 'n merkwaardige stuk teater waarin in die vel van die Russiese grootmeester geklim word, 'n stuk waarin sy karakters bykans twee dekades later as in die oorspronklike *Drie susters* herleef – sinieser, luidrugtiger; meer ontgogeld, én waarin daar uiteindelik teruggekeer word na Moskou. Nou egter nie meer as konkretisering van 'n droom nie, maar as laaste brose toevlugsoord.

Hierdie drama is 'n uiters geslaagde herskrywing ("voorts krywing" en interpretasie) van een van Tsjekof se groot dramas. Soos by Tsjekof vermoed jy verlangens, emosies, drifte onder die oppervlakte en in die stiltes. Ewe terloops word hierdie drama ook aktueel omdat die ontgogelde Russiese burgers, ná die Revolusie 'n spieëlbeeld is van 'n eietydse Suid-Afrikaanse blanke heersersgroep wat uitgelewer staan en met onbegrip sien hoe gekoesterde besittings (en waardes) om hul verdwyn. En êrens ook die vraag of die groter vryheid die prys nie werd was nie.

Vir hierdie drama verower Reza de Wet in 1997 weer eens die gesogte Hertogprys, die eerste keer dat hierdie prys twee keer na mekaar aan dieselfde dramaturg toegeken word. Welverdiend. In Reza de Wet het Afrikaans een van sy veelsydigste dramaturge.

---

6 A. van Niekerk, *Perspektief op vroueskrywers* (Ongepubliseerde manuskrip. Sal verskyn in: H. P. van Coller en P. J. Nienaber (reds.): *Perspektief en profiel*.)

7 *Ibid.*, p. 45.

